
LANDBOUWEEKBLAD
29 Jun 2012, p.14



# Hoe sorg jy vir kinders in die buiteland?

Ons kyk hierdie week na die versorging van naasbestaandes in die buiteland, enkele belastinggevolge en die gebruik van trusts, ingesluit buitelandse trusts.

Ek het by die gebruiklike koffiedrinkery ná kerk op 'n Sondag begin agterkom hoeveel van ons mense se kinders in die buiteland sit toe ek hoor hoeveel gryskoppe vir jou kan vertel van Skype, die internet-geselsdiens. Veral stories oor die gesprekke met kleinkinders is baie gewild.

Dit sê vir my daar is baie van ons jong mense wat daar gaan huis opsit het; wat meen dat geleenthede vir persoonlike ontwikkeling in Suid-Afrika minder is as daar; wat daar vir hulle en hul kinders 'n veiliger en sekerder toekoms sien. Ongeag wat my en jou gevoel daaroor is, dit is 'n gegewe.

Wat nou as ons vir dié situasie 'n boedelbeplanningjassie aantrek? Jou eie boedelbeplanning gaan eerstens oor jou, ja, maar dit moet tog ook tot voordeel van jou nageslag wees, of hoe? Is dit nie maar waarvoor jy gewerk het nie?

In my vorige rubriek het ek geskryf oor buitelandse beleggings. Die feit dat die geld in die buiteland belê is, stel dit egter nog nie tot die beskikking van jou naasbestaandes nie. Nie sonder belastingimplikasies nie.

Suid-Afrika het sedert 1997 begin wegbeweeg van 'n brongebaseerde belastingstelsel deur byvoorbeeld wysigings aan die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962), wat sogenoemde passiewe inkomste hier belas, ongeag die bron daarvan. Met die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Belasting (Wet 59 van 2000) is ons stelsel finaal omskep in een wat jou belastingpligtig maak in die plek van gewone verblyf.

Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal dat jou bates wêreldwyd – ons aanvaar vir die doel van die bespreking dat jy jou gewone verblyf in Suid-Afrika het – in jou boedel opgeneem word vir die berekening van boedelbelasting. Onder die aftrekkings vir boedelbelasting is bates wat jy van 'n nie-inwoner geërf het en bates – wat nie werklik vir ons bespreking ter sake is nie – wat verkry is voor iemand in die land verblyf opgeneem het.

Ons kyk nou na die vererwing van bates aan kinders in die buiteland. Jy kan kontantbates, of die opbrengs van bemakings, oordra aan begunstigdes in die buiteland wat permanente nie-inwoners of emigrante is. Dit is anders as jy sou besluit om self permanent daar te gaan woon of te emigreer. In so 'n geval sal jy slegs die toegelate R4 miljoen per jaar (per persoon) kan neem.

Ander bates sal in Suid-Afrika geblokkeer wees, hoewel die opbrengs uit hierdie bates wel opgeneem kan word. Ná dood, soos hierbo genoem, sal die oorblywende bates mag vererf na nie-inwoner-kinders. Dit geld ook polisse op jou lewe.

Daarom kan dit sinvol wees om 'n deel van jou beleggingsportefeulje in 'n buitelandse polis te belê, wat ingevolge art. 29A van die Inkomstebelastingwet teen 'n gunstige koers belas word en reeds in die geldeenheid van daardie land belê sal wees.

**Die Boedelbelastingwet bepaal dat al jou bates wêreldwyd in jou boedel opgeneem word vir die berekening van boedelbelasting.**

Vanuit 'n suiwer boedelbelastingoogpunt is daar nie vir jou 'n besparing nie omdat, soos genoem, jy op jou wêreldwye bates belas word. Tensy jy natuurlik agter die kinders aangetrek het, in welke geval jy dan net boedelbelasting gaan betaal op die bates wat jy in Suid-Afrika agtergelaat het.

Wat van die gebruik van trusts? 'n Binnelandse trust, *inter vivos* of testamentêr, gaan jou nie veel help met die buitelandse deel van die boedelbeplanning nie. Die jaarlikse R4 miljoen-toegewing is net van toepassing op natuurlike persone, nie op trusts nie. 'n Plaaslike trust mag nie buitelandse beleggings hou sonder spesiale valutabeheervergunning nie, wat selde toegestaan word.

Bestaande trusts kan wel inkomste wat toeval ná die emigrasie van die begunstigdes na die buiteland oordra. Inkomste toegeval vóór emigrasie word net toegelaat as 'n krediet vir die emigrant se geblokkeerde bates. Só ook kapitaal-uitkerings. Emigrante kan egter aansoek doen om 'n verligting van die reëls.

En 'n buitelandse trust? Ek wil amper sê los liewer, want daar is soveel slaggate met buitelandse trusts dat dit byna nie die moeite werd is nie. Maar dit is 'n opsie.

Ons kyk eers na die kwessie van beheer. Ek skryf gereeld in die rubriek dat trustbates nie joune is nie en dat beheer afgestaan word. Met buitelandse trusts raak beheer nóg moeiliker omdat die trustees van buitelandse trusts hul fidusiêre pligte ten opsigte van die begunstigdes baie ernstig opneem.

Die ander vraag is hoe om jou bates in die eerste plek in die trust te kry. Jy kan dit nie skenk nie, want dan loop jy jou vas teen valutabeheerregulasies. 'n Manier is om geld op 'n rentevrye leningsrekening aan die trust te leen. Die trust belê dan die geld, en die opbrengs vorm die bates in die trust.

Indien jy so iets oorweeg, maak seker dat die trust jou die geld in rand skuld en nie in die geldeenheid van die land waar die trust geregistreer is nie. Jy kan boedelbelasting betaal dat dit bars as die skuld terugbetaal word in dollars of ponde nadat die rand verswak het.

En dan moet jy ook lig loop vir die agtingsklousules in die Inkomstebelastingwet, wat die toekenning van trustinkomste aan nie-inwoners in jou hande kan belas. Soos ek maar altyd sê, kry kundige hulp met jou boedelbeplanning. Die geleenthede is daar, maar die slaggate ook.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* LB

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com****.*